2018/19

REGLEMENT B

REGULATION B

JUKSKEI SA

GEDRAGSKODE

CODE OF CONDUCT

INHOUD / INDEX

NR	ARTIKELBESKRYWING	ARTICLE DESCRIPTION	
1	**VOORWOORD**	**PREAMBLE**	**3**
2	**WAARDESTELLING**	**VALUE STATEMENT**	**3**
2.1	Doel	Purpose	**3**
2.2	Waarop die kode gerig is	The Code is aimed at the following:	**3**
3	**ALGEMENE BEGINSELS VAN TOEPASSING OP ALLE LEDE**	**GENERAL PRINCIPLES APPLICABLE TO ALL MEMBERS**	**4**
3.1	Betroubaarheid	Trustworthiness	**4**
3.2	Respek	Respect	**4**
3.3	Verantwoordelikheid	Responsibility	**4**
3.4	Regverdigheid	Fairness	**4**
3.5	Sorg	Caring	**5**
3.6	Burgerskap	Citizenship	**5**
4	**GEDRAGSKODE: ATLETE/ SPELERS**	**CODE OF CONDUCT: ATHLETES/ PLAYERS**	**5**
5	**GEDRAGSKODE: OUERS/VOOGDE**	**CODE OF CONDUCT: PARENTS/ GUARDIANS**	**6**
6	**GEDRAGSKODE: AFRIGTERS**	**CODE OF CONDUCT: COACHES**	**6**
7	**GEDRAGSKODE: ADMINISTRATEURS**	**CODE OF CONDUCT: ADMINI-STRATORS**	**7**
8	**GEDRAGSKODE: SKEIDSREGTERS**	**CODE OF CONDUCT: UMPIRES**	**8**
9	**WYSIGINGS**	**AMENDMENTS**	**8**

1	VOORWOORD	PREAMBLE
	a) Die Gedragskode dui die standaard van aanvaarbare gedrag wat verwag word van elke lid van Jukskei SA aan.	a) This Code of Conduct outlines the standard of behaviour expected of all members of Jukskei SA.
	b) Die kode is 'n formele stelling van die waardes en etiese standaarde wat Jukskei SA rig. Die Kode word gerugsteun deur 'n aantal beginsels en norme waartoe lede tot verantwoording gehou kan word wanneer Jukskei SA verteenwoordig word by 'n sportbyeenkoms asook in alledaagse dienste.	b) The code is a formal statement of the values and ethical standards that guide Jukskei SA by means of a set of principles and norms to which members can be held accountable when representing Jukskei SA at any sporting event as well as in their everyday duties.
	c) Alle lede van Jukskei SA verteenwoordig die sport op welke vlak van beoefening (skool, klub, distrik en provinsie) en respekteer die kode.	c) All members of Jukskei SA represent the sport on various levels of participation (school, club, district and province) and have to respect the code.
	d) Die kode dien ook as vertrekpunt wanneer dissiplinêre prosesse hanteer word.	d) The code is a point of reference when dealing with disciplinary procedures against members.
	e) Die kode hou alle deelnemers (spelers, beamptes, administrateurs) verantwoor-delik vir hul gedrag.	e) The code holds all members (players, officials, administrators) accountable for their actions.
2	**WAARDESTELLING**	**VALUE STATEMENT**
2.1	**Die doel van die Kode is om:**	**The purpose of this Code is to:**
	a) etiese en aanvaarbare gedrag in Jukskei aan te moedig,	a) encourage ethical and acceptable behaviour within Jukskei,
	b) inkorrekte en onaanvaarbare aksies en gedrag in Jukskei uit te lig,	b) to outline incorrect and unacceptable actions and or behaviours within Jukskei,
	c) konsekwente optrede deur eenvormige en toepaslike dissiplinêre aksies, wanneer die kode nie nagekom word nie, te verseker. Deur dus konsekwent in alle gevalle van oortredings op te tree, sal herhalings uitgeskakel word.	c) the consistent management through uniform and appropriate disciplinary action, thus responding to offences and preventing re-occurrence.
2.2	**Die kode is gerig op die volgende:**	**The code is aimed at the following:**
2.2.1	Om te help om konflik op te los.	To help resolve conflict.
2.2.2	Om etiese gedragsoortredings maklik te kan identifiseer.	To make ethical behavior infringement easy to identify.
2.2.3	Om die etiese reputasie van Jukskeideelnemers te verhoog.	To enhance the ethical reputation of sports persons.
2.2.4	Om respek vir menslike waardigheid, regte en sosiale regte te promoveer.	To promote respect for human dignity, rights and social justice.
2.2.5	Om 'n raamwerk vir alle Jukskeideelnemers te voorsien waarbinne hulle hul Jukskei-aktiwiteite nav etiese beginsels kan beoefen wat die volgende insluit (maar nie beperk nie) regverdigheid, eerlikheid, betroubaar-heid, professioneel en aanvaarding van verantwoordelikheid vir	Provide a framework for all sports persons to conduct their sporting activities according to ethical principles including, but not limited to fairness, honesty, trustworthiness, professional and accepting responsibility for actions.

	aksies.	
2.2.6	Om ’n positiewe bydrae te maak en afbrekende kritiek te ontmoedig.	To make a positive contribution and refrain from destructive criticism.
2.2.7	Altyd in die beste belang van Jukskei SA op te tree.	Always act in the best interest of Jukskei SA.
3	**ALGEMENE BEGINSELS VAN TOEPASSING OP ALLE LEDE**	**GENERAL PRINCIPLES APPLICABLE TO ALL MEMBERS**
3.1	**Betroubaarheid**	**Trustworthiness**
	Alle lede sal:	**All members shall:**
	a) eerlik wees en nooit bedrieg, steel of skelm wees nie	a) be honest, and never deceive, cheat or steal;
	b) die moed hê om die regte gedrag te openbaar.	b) have the courage to do the right thing;
	c) werk om ‘n goeie reputasie te bou.	c) work to build a good reputation;
	d) lojaal teenoor familie, vriende, spanmaats en die land op te tree	d) demonstrate loyalty to family, friends, teammates and country.
3.2	**Respek**	**Respect**
	Alle lede sal:	**All members shall:**
	a) ander met respek behandel en hul gevoelens in ag neem.	a) treat others with respect and be considerate of the feelings of others
	b) ‘n verdraagsaamheid teenoor verskille openbaar.	b) demonstrate a tolerance toward differences;
	c) goeie maniere gebruik en kwetsende taal vermy.	c) use good manners and avoid offensive language;
	d) nie ander belaster, degradeer, dreig, slaan of seermaak nie.	d) never slander, degrade, threaten, hurt or hit anyone
	e) woede, beledigings en verskille vreedsaam hanteer	e) deal peacefully with anger, insults and disagreement.
3.3	**Verantwoordelikheid**	**Responsibility**
	Alle lede sal:	**All members shall:**
	a) beheersd en gedissiplineerd op te tree;	a) use self-control and self-discipline;
	b) verantwoordbaar wees vir alle keuses en aksies;	b) be accountable for all choices and actions;
	c) betroubaarheid demonstreer;	c) demonstrate reliability;
	d) ondersteunende gedrag en positiewe houding demonstreer.	d) exhibit supportive behaviour and positive attitude
	e) geen openbare verklaring gee, maak, uitreik of endosseer wat opgestel is om skadelik of nadelig is vir die beste belang van Jukskei en sport in die algemeen nie;	e) shall not give, make, issue, authorize or endorse any public statement which will have or design to have, an effect damaging or detrimental to the best interest of Jukskei or sport in general.
	f) vertroulikheid van vergadering en ander besluite eerbiedig.	f) confidentiality of information concerning meetings and other decisions must be honored.
3.4	**Regverdigheid**	**Fairness**
	Alle lede sal:	**All members shall:**
	a) alle wette, reels, beleide en riglyne eerbiedig.	a) adhere to all laws, rules, policies, and guidelines;
	b) oopkop optree en bereid wees om na ander te luister	b) be open-minded and demonstrate the ability to listen to others;
	c) suinig wees om blaam op ander te	c) not pass blame carelessly;

	plaas	
	d) gelyke deling kan hanteer en ook kan terugstaan in sekere situasies.	d) handle equal division and can also back down in certain situations
	e) nooit ander misbruik nie.	e) never take advantage of others.
	f) nie diskrimineer op grond van taal, geslag, ras of ouderdom nie.	f) never discriminate on the ground of language, gender, ethnicity or age.
3.5	**Sorg**	**Caring**
	Alle lede sal:	**All members shall:**
	a) 'n meelewing, goedhartigheid en vergewensgesindheid demonstreer.	a) demonstrate compassion, kindness, and forgiveness.
	b) ondersteuning in nood, waar moontlik verleen.	b) provide assistance to others in need when appropriate.
	c) diegene wat Jukskei diskrediteer aan die kaak stel.	c) denounce those who attempt to discredit Jukskei.
	d) diegene eer wat Jukskei se goeie reputasie verdedig.	d) honour those who defend Jukskei's good reputation.
3.6	**Burgerskap**	**Citizenship**
	Alle lede sal:	**All members shall:**
	a) owerhede respekteer en samewerking demonstreer.	a) respect authority and demonstrate cooperation; and
	b) eiendom, toerusting en fasiliteite met die nodige respek te hanteer	b) properly care for all equipment, uniforms, facilities, and playing fields.
4	**GEDRAGSKODE: ATLETE/SPELERS**	**CODE OF CONDUCT: ATHLETES/PLAYERS**
	Ek sal te alle tye:	**I will always:**
4.1	die Speelreëls respekteer en speel in die gees van die spel.	respect the rules and play in the spirit of the game.
4.2	die Reëls van JSA, IJF en SASCOC nakom.	abide by the rules of JSA, IJF and SASCOC.
4.3	'n hoë standaard van gedrag handhaaf wat 'n positiewe beeld van die spel sal uitdra.	display high standards of behaviour that promote a positive image for the game.
4.4	my opponente en beamptes en hulle besluite respekteer.	respect my opponents and the officials and their decisions.
4.5	sportief deelneem, hetsy wen of verloor en onthou dat wen nie alles is nie.	be gracious in victory and defeat and remember that winning isn't everything.
4.6	aan my spanmaats positiewe insette en terugvoer gee.	give my team-mates positive inputs and feedback.
4.7	my weerhou van roekelose, beledigende, intimiderende asook aanstootlike taal of gedrag op of van die baan af.	refrain from the use of profane, insulting, harassing or otherwise offensive language or behaviour on or off the pitch.
4.8	streef na die handhawing van selfbeheersing en waardigheid ten alle tye.	strive to maintain a sense of self-control and dignity at all times.
4.9	nooit die gebruik van dwelms of verbode prestasieverbeterende middels voorstaan of goedkeur nie.	never advocate or condone the use of drugs or other banned performance enhancing substances.
4.10	korrupsie, dwelms, rassisme, geweld en ander gevare in Jukskei verwerp.	reject corruption, drugs, racism, violence and other dangers to Jukskei.
4.11	myself weerhou van die gebruik van tabakprodukte en alkoholiese drank tydens deelname.	to abstain from the use of tobacco products and alcoholic beverages when participating.
4.12	deelneem aan alle spanevaluerings en alle spanprogramtoetsingdoelstellings (dwelms en hoë prestasie)	participate in all team testing and satisfy all team program-testing objectives. (Drug and High Performance)
4.13	kommunikeer en saamwerk met geregistreerde mediese praktisyns/	communicate and co-operate with registered medical practitioners/testing

	toetssentrums in die diagnose, behandeling en bestuur van mediese probleme, die kommer respekteer wat die mediese personeel mag hê wanneer hulle my toekomstige gesondheid en welsyn oorweeg wanneer hulle besluite maak oor my vermoë om voort te gaan om te speel of te oefen.	centre in the diagnoses, treatment and management of medical problems. Respect the concerns these medical people have when they are considering my future health and well being and when they are making decisions regarding my ability to continue to play or train.
5	**GEDRAGSKODE: OUERS/VOOGDE**	**CODE OF CONDUCT: PARENTS/ GUARDIANS**
	In die algemeen onderneem Ouers en Voogde om positiewe ondersteuning, sorg en aanmoediging aan hul deelnemende kind in die aktiwiteite van Jukskei SA deur die Gedragskode te verleen.	In general all parents and guardians shall pledge to provide positive support, care, and encouragement for their child participating in the activities of Jukskei SA by following this Code of Conduct.
	Ek sal te alle tye:	**I will always:**
5.1	goeie sportmanskap aanmoedig deur positiewe ondersteuning aan alle spelers, afrigters en beamptes by elke wedstryd, oefening en ander sportgeleenthede	encourage good sportsmanship by demonstrating positive support for all players, coaches, and officials at every game, practice, or other youth sports event.
5.2	die emosionele en fisiese welstand van my kind en ander deelnemers bo my eie behoefte om te wen plaas.	place the emotional and physical well being of my child and the other Athletes ahead of a personal desire to win.
5.3	afrigters en beamptes ondersteun wat met my kind gemoeid is om daardeur ‘n positiewe en genotvolle ervaring vir almal te skep.	support coaches and officials working with my child, in order to encourage a positive and enjoyable experience for all.
5.4	eis dat die sportomgewing vry is van dwelms, tabak en alkohol en dat geen gebruik hiervan tydens jeugbyeenkomste plaasvind nie.	demand a sports environment that is free of drugs, tobacco, and alcohol and refrain from their use at all youth sports events.
5.5	my beste doen dat Jukskei aangenaam is vir die jeug.	do my very best to make youth sports fun.
5.6	my kind aanmoedig om ander spelers, afrigters, beamptes en toeskouers met respek ten opsigte van ras, geslag en vermoë te behandel.	encourage my child to treat other players, coaches, spectators, officials, and others with respect regardless of race, gender or ability.
6	**GEDRAGSKODE: AFRIGTERS**	**CODE OF CONDUCT: COACHES**
	a) Die primêre funksie van die Afrigter is om die sportomgewing te fasiliteer en atlete op te voed deur deelname en kompetisie.	a) The primary function of a coach is to facilitate the sports environment, and educate athletes through participation and competition.
	b) Die welsyn van elke atleet sal ten alle tye as belangrik geag word.	b) The welfare of each athlete shall be considered uppermost at all times.
	c) Alle afrigters sal bewus wees dat hulle ‘n betekenisvolle invloed uitoefen op die welsyn van die atlete en kan daarom nooit die waarde van oorwinning groter ag as die waarde om die hoogste waardes van karakter in atlete vas te lê nie.	c) All coaches shall be aware that they have a tremendous influence on the well being of the Athletes, and thus, shall never place the value of winning above the value of instilling the highest ideals of character.

	d) Afrigters se houding en begrip van etiek het 'n direkte invloed op spelers onder hul leiding.	d) Their concept of ethics and attitude directly affects the behaviour of players under their supervision.
	e) Dit word van afrigters verwag om spesifieke aandag te gee aan die morele optrede van hul atlete.	e) Coaches are, therefore, expected to pay particular care to the moral aspect of their athletes.
	Ek sal te alle tye:	**I will always:**
6.1	onthou wen is net deel van die motivering – dit gaan eintlik oor die ontwikkeling en bemarking van Jukskei.	remember that winning is part of motivation – that it is actually the development and marketing of Jukskei that is important.
6.2	seker maak dat die spelers weet hoe belangrik dit is dat hulle die reëls van die spel moet ken.	ensure that players know the importance of knowing the rules of the sport.
6.3	bewus wees om nie die onmenslike van die spelers te verwag nie.	be alert not to expect the inhuman from players.
6.4	die respek vir die span as 'n eenheid ontwikkel.	develop the respect of the team as a unit.
6.5	sorg dat alle wedstryde en oefeninge aan veiligheidstandaarde voldoen.	take care that matches and practices adhere to safety standards.
6.6	op hoogte wees van die nuutste ontwikkelinge en reëls ten opsigte van afrigting.	be alert of the latest development and rules with respect to coaching.
6.7	voorbereidings en oefeninge wetenskaplik beplan en fasiliteer.	plan and facilitate preparations and practice sessions scientifically.
6.8	spelers bemagtig deur aan hulle sekere verantwoordelikhede toe te ken.	empower players by providing them with responsibilities.
6.9	elke persoon se talente respekteer.	respect every person's talents.
6.10	sorg dat elke persoon genoegsame aandag kry om te ontwikkel volgens potensiaal.	provide every person with appropriate attention to develop potential.
6.11	sorg dat die genot van die spel deel is van elke speler se ervaring	care that the fun of the sport is part of the experience of players.
7	**GEDRAGSKODE: ADMINISTRATEURS**	**CODE OF CONDUCT: ADMINISTRATORS**
	Ek sal te alle tye:	**I will always:**
7.1	my bes te doen om te verseker dat Jukskei bestuur sal word om die sport te promoveer en te ontwikkel.	do my best to ensure that Jukskei will be managed to promote and develop the sport.
7.2	verseker dat deelnemers in staat is tot regverdige deelname aan die sport Jukskei.	ensure that participants are able to fairly participate in the sport Jukskei.
7.3	Jukskei deur die deel van kennis en ervaring te bevorder en ontwikkel.	promote and develop Jukskei by sharing knowledge and experience.
7.4	alle sake van Jukskei tot die beste voordeel van Jukskei en nie vir eie gewin nie bestuur.	administer all issues relating to Jukskei in the best interest of Jukskei and not for personal gain.
7.5	verseker dat hoë standaarde van risikobestuur gehandhaaf word.	ensure high standards of risk management are maintained.
7.6	deelnemers op hoogte te hou van ander lande se protokol waar hulle ookal mag deelneem.	to keep participants updated on protocol of other countries where ever they may compete.
7.7	beleefd wees teenoor atlete, administrateurs, afrigters, toeskouers, skeidsregters, pers en borge.	show common courtesy towards athletes, administrators, coaches, spectators, umpires, press and sponsors.

8	GEDRAGSKODE: SKEIDSREGTES	CODE OF CONDUCT: UMPIRES
	a) Die primêre funksie van die Skeidsregter is om as arbiter in die jukskeiwedstryd op te tree en die reëls te ontwikkel en in stand te hou.	a) The primary function of an umpire is to act as arbitrator in a jukskei match and to develop and maintain the rules.
	Ek sal te alle tye:	**I will always:**
8.1	verseker dat elke deelnemer 'n billike geleentheid gegun word om te presteer na die beste van sy/haar vermoë binne die grense van die reëls.	make sure that every participant has a reasonable opportunity to perform to the best of his or her ability, within the limits of the rules.
8.2	'n situasie vermy of tot 'n einde bring wat die veiligheid van die atlete bedreig.	avoid or put an end to any situation that threatens the safety of the athletes.
8.3	daarna strewe om 'n gesonde atmosfeer en omgewing te handhaaf vir kompetisie.	strive to maintain a healthy atmosphere and environment for competition.
8.4	nie onaanvaarbare gedrag teenoor beamptes, atlete, toeskouers of myself duld nie.	not tolerate unacceptable conduct toward officials, athletes, spectators or myself.
8.5	altyd konsekwent en objektief wees in die aanmeld van oortredings, ongeag my persoonlike gevoel teenoor die span of die individuele deelnemer.	be consistent and objective in calling all infringements, regardless of my personal feelings toward a team or individual participant.
8.6	alle konflik ferm en met waardigheid hanteer.	handle all conflicts firmly but with dignity.
8.7	oop wees vir bespreking en kontak hê met die deelnemers voor en na die wedstryd.	be open to discussion and contact with the participants before and after the game.
8.8	oop wees vir opbouende kritiek en respek en oorweging te skenk aan verskillende standpunte.	remain open to constructive criticism and show respect and consideration for different points of view.
8.9	behoorlik opgelei word en myself verbeter in my optreevaardighede.	obtain proper training and continue to upgrade my officiating skills.
8.10	konstant hoë persoonlike standaarde weerspieël en 'n gunstige beeld en optrede van Jukskei voorhou.	consistently display high personal standards and project a favourable image of Jukskei and officiating.
9	**WYSIGINGS**	**AMENDMENTS**
9.1	Wysigings tot hierdie Reglement word deur middel van 'n Beskrywingspunt voor 'n datum soos bepaal deur die UB van Jukskei SA by die Direkteur Administrasie ingedien sodat die voorstel op die Sakelys van die Algemene Jaarvergadering geplaas kan word.	Amendments to this Regulation shall be submitted through a Motion before a date set by the EC of Jukskei SA to the Director of Administration so that the proposal can be placed on the Agenda of the Annual General Meeting.
9.2	Na aanvaarding deur die AJV sal die wysigings geïmplementeer word.	After acceptance by the AGM the changes will be implemented.
9.3	Hierdie Reglement is aanvaar op die Algemene Jaarvergadering van Jukskei SA soos gehou op **22 Julie 2017** te Kroonstad.	This Code was adopted at the Annual General Meeting of Jukskei SA that was held in Kroonstad on **22 July 2017.**

JN NEL
PRESIDENT JSA

D SMIT
DIREKTEUR/DIRECTOR
ADMINISTRASIE/ADMINISTRATION